

## DIE ROMEINSE GODE (vervolg)

---

Mev. M. Dircksen, Randse Afrikaanse Universiteit

### DIANA

#### Oorsprong en funksies

Diana was 'n oorspronklike Italiaanse godin van die woude, wat later met die Griekse godin Artemis geïdentifiseer is. Sy is gewoonlik in bosagtige streke aanbid en die sentrale idee van haar funksie was vrugbaarheid, veral ook menslike vrugbaarheid. Uit die aard van die offers wat aan haar gebring is (Dumezil p. 408) kan ons aflei dat sy duidelik verband hou met vroue en veral kindergeboortes. (Ovid. *Fasti* 3.268-9). Dat sy 'n maangodin was berus op geen ware getuënis nie.

#### Heiligdomme

1. Die beroemdste kultus van Diana was naby Aricia, in 'n woud langs 'n meer. Dit was 'n ou godsdienstige sentrum van die Latini. In die woud was daar volgens oorlewering 'n besondere boom waaraan daar mistel (*mistletoe*) was. 'n Drosterslaaf kon so 'n tak afbreek en dit het aan hom die reg gegee om die priester van die heiligdom uit te daag. As hy die priester kon doodmaak, het hy hom opgevolg. Die priester het die titel van 'n koning gedra - rex Nemorensis. (Suet. *Calig.* 35.3).



Diana met pylkoker en hert

2. Livius (1.45) vertel ons dat Servius Tullius, die sesde koning van Rome, die hoofde van die Latini ooreed het om saam met die Romeine 'n tempel vir Diana op die Aventyn op te rig. In die tempel was 'n houtstandbeeld van Diana wat baie ooreengestem het met dié van Artemis by Massilia. Daar was ook 'n *lex templi* in Griekse letters (Dionysius Hal. IV.26) en die teks van 'n ooreenkoms tussen Rome en die Latynse bondgenootskap. Varro (*L.L.*5.43) noem die tempel 'n *commune Latinorum Dianae templum*. Die kultus van Diana is dus waarskynlik deur Servius Tullius gebruik om die Latini met die Romeine te verenig.

Hierdie tempel het die fokuspunt van die slawelewe geword en was een van die min kultusse waaraan slawe kon deelneem sonder om die verrigtinge te ontheilig. Die *dies natalis* van die tempel was 13 Augustus.

3. Een van haar bekendste heiligdomme was op die berg Tifata naby Capua (Velleius Paterculus 2.25.4). (*Tifata* beteken 'eikewoud'.)

#### Feesdag

Die feesdag van Diana was 13 Augustus. Elke Romein moes sy slawe op dié dag vryskeld van werk. (Verrius Flaccus, *Festus* 343.) Vroue het aan 'n optog na haar woud deelgeneem terwyl hulle fakkels gedra het ter erkenning van dienste deur haar gelewer. (Ovid. *Fasti* 3-263.) Op dié dag het die vroue ook hul hare gewas. (Plut. *Quaestiones Romanae* 100.)

#### MERCURIUS

##### Oorsprong en funksie

Mercurius was die Romeinse god van die handel.<sup>2)</sup> Daar is geen aanduiding van 'n primitiewe Romeinse of Italiaanse kultus nie, en Mercurius is waarskynlik die Latinisering van die Griekse god Hermes. Hy is heel moontlik by die Siciliese Grieke oorgeneem, nadat 'n uitgebreide handel met Sicilië in graan ontstaan het.

##### Tempel

In die jaar 495 v.C. is 'n tempel ter ere van Mercurius, op aanbeveling van die Sibille van Cumae te Rome gewy. Dit is *extra pomerium*,<sup>3)</sup> op die Aventyn opgerig en het uitgekyk op die Circus Maximus. Mercurius het die tempel met die Griekse godin Maia gedeel.


##### Fees

Die wydingsdag van die tempel was 15 Mei wat 'n feesdag vir die handelaars geword het (Livius 2.21.7). Ovidius (*Fasti* 5.663-92) beskryf die rites wat op die feesdag deur die *mercatores* nagevolg moes word. Die handelaar het 'n kruik by die fontein van Mercurius naby die Porta Capena gevul. Hy het dan 'n louriertak met die water natgemaak, sy ware daarmee besprinkel, sy hare daarmee natgemaak en vir die god vergifnis gevra vir enige kullery van die verlede of die toekoms. Hy het ook vir sy beskerm-god gevra om aan hom die vreugde te skenk van wins wat gemaak is, en die vreugde om die koper te verneuk!

#### VESTA


##### Oorsprong en funksie

Vesta, die etimologiese ekwivalent van die Griekse godin Hestia, was die Romeinse godin van die haard (of vuurherd). Romeinse families het voor die belangrikste maal van die dag tot Vesta gebid en het op feesdae 'n krans met blomme langs die haard neergesit. Dikwels is 'n stukkie koek in die middel van 'n maal in die vuur gegooi as offer aan Vesta, en dit is as 'n goeie teken beskou as dit geknetter het as dit brand.



Caduceus of herou-  
staf van Mercurius

Bronsbeeld van Mercurius - in  
Herculaneum gevind - waar hy sit  
en rus tydens 'n sending as  
boodskapper van die gode



Vestaalse Maagde maak 'n  
plengoffer op altaar voor  
Tempel van Vesta - op  
medaljon uit tyd van  
keiser Commodus, 180-192 A.D.



Vestalia-fees - van 'n muurskildery in Pompeii

Vesta was egter ook staatsgodin van die haard. Sy is nie in 'n menslike gestalte of met menslike eienskappe voorgestel nie, maar deur 'n vuur. Haar kultus was simbolies van die ewige mag van Rome.

#### Heiligdom

Die staatsaanbidding van Vesta het in 'n ronde tempeltjie langs die Via Sacra, op die Forum Romanum plaasgevind. Binne was geen beeld nie, maar 'n vuur wat nooit geblus is nie (Ovid. *Fasti* 6.297). Die vuur is op 1 Maart, die eerste dag van die Romeinse jaar weer aangesteek deur hout teen mekaar te vryf. Die *penus* of stoorkamer is met 'n gordyn van die res van die gebou afgesluit. Hierin is die heilige voorwerpe gehou wat in verskeie rituele deur die jaar gebruik is. (cf. Ogilvie *The Romans and their gods* p.90). Hierdie heilige voorwerpe was slegs aan die Pontifex Maximus en die Vestaalse Maagde (cf. hieronder) bekend.

#### Die Vestaalse Maagde

Vesta is bedien deur die Vestaalse Maagde waarvan daar aanvanklik vier en later ses was. Hulle is deur die Pontifex Maximus gekies wanneer hulle nog dogtertjies was en het vir 30 jaar diens gedoen. Gedurende hierdie tyd moes hulle maagde bly. Daarna is hulle toegelaat om te trou, hoewel die meeste nie van hierdie vergunning gebruik gemaak het nie en in die huis van die Vestaalse Maagde langs die tempeltjie bly woon het.

Hulle funksies was: (a) om die vuur van Vesta aan die gang te hou, (b) om water vir die huishouding van Vesta by die heilige fontein van Egeria, buite die Porta Capena te gaan haal, en (c) om *mola salsa* (heilige soutkoek wat as offerandes gebruik is) te maak. Om hierdie meel te maak moes hulle voor die Ides van Mei, self die eerste ryp koring gaan oes.

Die Vestaalse Maagde het baie eerbewyse ontvang - selfs standbeelde.<sup>4)</sup> - maar was onder die gesag van die Pontifex, wat lyfstraf aan hulle kon toedien indien hulle nie hul pligte sou uitvoer nie (bv. om die vuur te laat uitgaan). As een van hulle haar aan onkuisheid sou skuldig maak is sy lewendig begrawe.

#### Vestalia

Die fees van Vesta, die Vestalia, was op die 9de Junie. Van die 9de tot die 15de Junie is die *penus* oopgemaak en het die Vestaalse Maagde hul stoorkamer uitgegee en die vullis daarvan in die Tiber gegooi. (Ovid. *Fasti* 6.713). Hierdie dae was *religiosi* en *nefasti*. Dan het die getroude vroue kaalvoet na die heiligdom gestap en eenvoudige voedselofferandes gebring. Die 15de Junie was ook die bakkers se vakansiedag en donkies, wat as Vesta se gunsteling-dier beskou is, is van werk vrygestel en met kransse van viooltjies en stringe klein koekies versier. (Kyk illustrasie op vorige bladsy van Pompejaanse muurskildery.)

## APOLLO

### Oorsprong en funksies

Daar is geen bewyse vir 'n kultus van Apollo in die tyd van die konings nie (Sien in hierdie verband Dumézil p.441-2). Apollo het Italië binnegekom deur Etrurië (vgl. die beroemde standbeeld van Apollo uit Veii, 'n Etruskiese stad net noord van Rome) en ook deur die Griekse gemeenskappe in Suid-Italië. Die enigste Apollo wat aan Rome bekend was in die 5de eeu v.C. was 'n god van genesing. Die Vestaalse Maagde het hom aangeroep as *Apollo medice, Apollo Paeon* (Macrob. *Sat.* 1.17.15). Sy kultustitel was Medicus (Liv. 40.51). Eers tydens die tweede Puniese oorlog het Apollo se kultus gewild geword in Rome, toe Fabius Pictor en sy afvaardiging gestuur is om die orakel by Delphi aan die golf van Korinthe, te raadpleeg. (Livius 23.11.2-3.) Hy word dus nou ook 'n god van profesie. Dit was Augustus wat aan Apollo, sy gunsteling godheid, politiese belangrikheid gegee het en hom verhef het tot een van Rome se hoofbeskermers. In die kuns word hy altyd voorgestel met 'n boog of lier.

### Tempels

Nadat Rome deur 'n epidemie getref is, is 'n tempel in 433 v.C. aan Apollo beloof en in 431 v.C. aan hom opgedra deur die konsul Cn. Julius Mento. Hierdie tempel het buite die *pomerium* van die stad, aan die voet van die suidwestelike helling van die Kapitolynse heuwel, naby die oewer van die Tiber gestaan.



Apollo

Augustus, wat 'n besondere voorliefde vir Apollo gehad het, het 'n tempel op die Palatynse heuwel (d.w.s. binne die *pomerium*) ter ere van hom opgerig. Dit is reeds in 36 v.C. belowe maar eers in 28 v.C. gewy. Augustus het ook 'n nuwe versameling van die Sibillynse boeke gemaak en dit in die voetstuk van die groot standbeeld van Apollo in sy nuwe tempel geplaas.

### Spele

Na die Tweede Puniese oorlog is spele ter ere van Apollo in 212 v.C. ingestel. Die spele is eers net op die 13de Julie gehou, maar strek op die Juliese kalender van die 6de tot die 13de Julie. Dit het strydwaedrenne (Liv. 25.12.33) ingesluit en vertoon 'n sterk Griekse karakter deur bv. die opvoering van Griekse dramas.

### Verering deur Augustus en Sulla

Augustus se toewyding aan Apollo het deels voortgespuut uit die feit dat een van Apol-


lo se tempels naby die slagveld van Actium was, waar hy in 31 v.C. vir Antonius en Kleopatra verslaan het.

'n Ander "diktator" het egter reeds 'n half-eeu voor Augustus besondere eer aan Apollo bewys: Plutarchus (*Sulla* 29.10) vertel dat Sulla 'n klein goue beeldjie van Apollo van Delphi altyd teen sy bors gedra het tydens 'n geveg en dat hy voor die geveg buite die Porta Collina in 82 v.C. die beeldjie uitgehaal en gesoen het en 'n gebed aan Apollo gerig het.

## MARS

### Oorsprong en funksies

Mars was naas Jupiter die belangrikste Italiaanse godheid. Hy was sedert die eerste eeue reeds met oorlog geassosieer en sy verbintenis met die landbou vloei waarskynlik voort uit sy oorspronklike funksie as oorlogsgod. (Vgl. Dumézil, p.205 e.v.). Hy beskerm die landbougrond teen enige vyand - menslik of in die vorm van plaë en siektes. Hy is egter nie 'n god wat met die groei van gewasse gemeed is nie. Die heilige spiese en skilde van Mars is in die *sacrarium* van die *regia* (die ou woning van die konings op die Forum Romanum) gehou. Voor die aanvang van 'n oorlog het die generaal hierdie spiese geskud terwyl hy sê, "Mars vigila" (*Mars, wees waaksaam*).



Mars

Alhoewel Mars 'n oorspronklike Italiaanse godheid was, is hy later gelykgestel met die Griekse oorlogsgod Ares, en sy mitologie is amper geheel en al van Ares geleen. Sy priester is die *flamen Martialis* en sy heilige diere die wolf en die houtkapper. Hy word gewoonlik voorgestel met 'n helm met 'n dubbele pluim. Volgens oorlewering is Rome gestig deur Mars se 2 seuns Romulus en Remus wat deur 'n wolvin gevoed is (vgl. *Oxford Classical Dictionary* s.v.). Op die slagveld is die buit ter ere van Mars en Minerva verbrand (Livius 45.32.2). Onder Augustus het Mars 'n belangrike nuwe titel, Ultor, ontvang, uit erkenning vir die oorwinning oor Caesar se moordenaars.

### Feeste

Die feeste van Mars kan eintlik in twee groepe verdeel word - gedurende die lente, en veral in Maart het die feeste plaasgevind waarvan die rites veral gemik was daarop om die perde, trompette en ander oorlogstoerusting vir die oorlog gereed te maak. Die feeste van die herfs (Oktober) het weer die oorlogseisoen afgesluit.

1. a) 27 Februarie en 14 Maart - die Ecurria (Equirria). 'n Perdewedren is o.a. op die Campus Martius gehou.
- b) 1 Maart - feriae Marti
- c) 19 Maart - Quinquatrus. Die reiniging van die wapens. Hierdie fees het later 5 dae lank geduur en is deur Minerva oorgeneem.
- d) 23 Maart en 23 Mei - Tubilustrium. Die reiniging van die oorlogstrompette.

Op 1,9 en 23 Maart het die Salii, die priesters van Jupiter, Mars en Quirinus, 'n soort oorlogsdans in oorlogsmoedering uitgevoer terwyl hulle hul tradisionele lied gesing het as verdere voorbereiding vir oorlog.

2. a) 15 Oktober - Equus October. 'n Perdewedren het in die Campus Martius plaasgevind en die buiteperd van die wenspan is geoffer. Die inwoners van die Sacra Via en die Suburra het meegeding om die perd se kop (Plut. Q.R.97).
- b) 19 Oktober - Armilustrium. Die reiniging van wapens voor hulle vir die winter weggebêre word.

### Tempels

Voor die tyd van Augustus was die heiligdomme van Mars altyd buite die grense van die stad geleë as soort bewakers, of wagte van die stad.

1. Die *ara Martis in campo* was 'n baie ou altaar in die Campus Martius wat later in 138 v.C. met 'n tempel voltooi is.
2. Die *templum Martis extra portam Capenam* waar die leiers bymekaargemaak is voor 'n veldtog (Livius 7.23.3). Dit is in 368 v.C. aan Mars opgedra en het langer as 800 jaar bly staan.
3. Augustus het 'n tempel aan Mars Ultor, d.w.s. die wreker van sy aangenome vader, Julius Caesar, in sy nuwe forum noordoos van die Forum Romanum, opgerig (Suet. *Aug.* 29.2).


## CERES

### Oorsprong

Ceres was waarskynlik die inheemse Italiaanse godin van koring, maar die gesistematiseerde kultus was van die begin af Grieks en die identifikasie met die Griekse godin Demeter redelik volledig (cf. Warde Fowler, *Roman festivals* p.75). Assosiasie met, en later vervanging van Tellus (Terra Mater) - cf. *Oxford Classical Dictionary* p.223, en Warde Fowler, *Religious experience of the Roman people*, p.121.

### Tempel

Na 'n hongersnood beveel die Sibille van Cumae die bou van 'n tempel vir Ceres, Liber (die Romeinse god van vrugbaarheid en wyn) en sy metgesel Libera aan. Die tempel word op 19 April 493 v.C. aan die voet van die Aventynse



heuvel, by die Circus Maximus gewy. Hierdie kultus is grootliks onder Griekse invloed, en die drie gode kan geïdentifiseer word met Griekse gode (Demeter, Dionysus en Persephone). Die tempel was 'n sentrum vir koring-handelaars en veral vir die godsdienstige en ander aktiwiteite van die plebejers. Die tempel is ook bedien deur plebejiese aediles.

#### Feeste

1. Die Cerialia, die fees ter ere van Ceres, wat op die 19de April gehou is, kan teruggevoer word tot sover as die koningstydperk. In verband met die gebruik om tydens hierdie fees jakkalse met fakkels aan hul sterte in die Circus Maximus los te laat *vide* Ovidius (*Fasti* 4.681 e.v.). Die Ludi Cereales wat hiermee verband hou kan teruggevoer word tot 202 v.C. (Liv. 30.39). Feeste wat met die landbou verband hou is gewoonlik in April gehou (Warde Fowler, *Religious experience of Roman people*, p.100).
2. Die Sementivae wat gevier is van 24-26 Januarie hou verband met die saad in die grond sowel as die wat nog gesaai moet word. (*cf.* Ovid *Fasti* 1.658 e.v.). Offers van koek, spelt ('n soort koring) en 'n dragtige varksog is aan Ceres gebring, die osse is met kranse versier en gebede is gedoen vir die beskerming van die saad teen voëls en siektes.

Dit is merkwaardig dat die *flamen* (priester) van Ceres twaalf mindere gode, wat elkeen verband hou met 'n aspek van die plaaswerk, aangeroep het wanneer hy 'n offer aan haar bring (*cf.* Ogilvie *The Romans and their gods*, p.12).

#### NEPTUNUS

##### Oorsprong

Neptunus was die Italiaanse god van water, en nie van die see nie. Na sy identifikasie met die Griekse god van die see, Poseidon, het hy egter hierdie funksie verkry, dalk as 'n soort versekering vir die skepe wat die graan van die Griekse hawens af moes bring. Ook die ritueel om rou ingewande (*exta*) in die see te gooi waarvan Livius vertel (29.27.5), is Grieks. Sy kultus-maat was die godin Salacia van wie daar verder niks bekend is nie.

##### Tempel

Sy tempel op die Campus Martius word deur Livius (28.11.4) so vroeg as 207 v.C. geplaas, en het 'n ouer altaar vervang.



Neptunus met drietand



Neptunus ry in sy wa getrek deur vier seeperde - mosaïekvloer van Baddens van Neptunus, Ostia. (Foto F. Smuts)

#### Fees

Die fees van Neptunus, die Neptunalis, op die 23ste Julie, was een van die oudste feeste. Dit was die warmste tyd van die jaar en dit het aanleiding gegee tot die gebruik om die aanbidders teen die son te beskerm met *umbræ* - hutte (van takke en blare).

Pompeius se seun Sextus Pompeius het geglo hy was die seun van Neptunus en het dus 'n donkerblou kleed gedra. (Dio Cassius XLVIII, 48, 5.)

#### NOTAS

2. Soos die verband van sy naam met die Latynse woorde vir handelsware (*merx*) en handel dryf (*mercari*) aandui.
3. Die *pomerium* was die grenslyn van die stad soos dit ritueel vasgelê is; dit het nie noodwendig met die stadsmure saamgeval nie.
4. In die omgewing van die huis van die Vestaalse Maagde is 'n hele aantal standbeelde van Maagde wat só vereer is, gevind.

Vir Bibliografie kyk p. 122